16.4 RAPPORT DEPUTATE VIR EMERITAATSVERSORGING – MEDIESE AANGELEENTHEDE (Artt 65, 142)

A. Ds EJ Tiemensma lewer die Rapport.
B. **Besluit:** Die Rapport word verwys na Kommissie Emeritaatsversorging.
C. Ds JC Aucamp rapporteer namens die Kommissie Emeritaatsversorging.

(Notules van die handelinge van die Deputate word as ongepubliseerde Bylaes bygevoeg.)

D. **RAPPORT**

1. Sake waarvan die Sinode moet kennis neem

1.1 *Sinode opdragte*

1.1.1 *Die Sinode gee opdrag aan die Deputate om op hoogte te bly met ontwikkeling en indien nodig, om na die eis van omstandighede te handel en aan die volgende Sinode te rapporteer*.
Die Deputate het die opdrag uitgevoer tesame met die hulp van ABSA Gesondheidsorgkonsultante wat die Deputate op 'n deurlopende basis van inligting en adviese voorsien het.

1.1.2 *Die Sinode doen 'n ernstige beroep op kerkrade om die predikante wat nog nie lede is nie in te skakel by die Mediese Skema wat deur die Deputate vir Emeritaatsversorging gereël word*.
Die opdrag is uitgevoer.

1.1.3 *Die Deputate vir Emeritaatsversorging kry opdrag om ook die Mediese Skema aangeleenthede te behartig*.
Die opdrag is uitgevoer.

1.1.4 *Gee uitvoering aan alle sake wat kragtens die aanvaarde Ordereëling vir die Mediese Skema aan hulle opgedra is.*
Sake soos in die Ordereëling opgedra, is uitgevoer. 'n Nuwe Ordereëling wat nou van toepassing sal wees word in die Aanvullende Agenda opgeneem.

1.1.5 *Alles wat gedurende die Sinode besluit is, word verwoord en in die Ordereëling op te neem.*

Besluit: Kennis geneem van 1.1 tot 1.1.5.

2. Sake waaroor besluit moet word

2.1 Die Sinode gee opdrag aan die Deputate om op hoogte te bly met ontwikkeling en indien nodig, om na die eis van omstandighede te handel en aan die volgende Sinode te rapporteer.

Besluit: Goedgekeur.

2.2 Die Sinode doen 'n ernstige beroep op kerkrade om predikante (dit sluit predikante van Sinode Middellande in) wat nog nie lede is nie in te skakel by die Mediese Skema wat deur die Deputate vir Emeritaatsversorging gereël word.

Besluit: Goedgekeur.

2.3 Die Deputate vir Emeritaatsversorging kry opdrag om ook die Mediese Skema aangeleenthede te behartig.

Besluit: Goedgekeur.

2.4 Gee uitvoering aan alle sake wat kragtens die aanvaarde Ordereëling vir die Mediese Skema aan hulle opgedra is.

Besluit: Goedgekeur.

2.5 Alles wat gedurende die Sinode besluit is, word verwoord en in die Ordereëling opgeneem.

Besluit: Goedgekeur.

3. Finansiële state

Besluit: Goedgekeur.

Kyk Addendum : Finansiële State agterin Handelinge.